

Die probleemstelling: noodsaaklike beginpunt van historiese navorsing?

PIETER DE KLERK*

1. Inleiding

Die beskouing dat ‘n wetenskaplike navorsingsproses sekere algemene stappe behels, ongeag die besondere veld waarin navorsing gedoen word, en dat die identifisering van ‘n probleem die eerste stap in hierdie proses is, word tans byna algemeen gehuldig. Wanneer ‘n navorsingsvoorlegging gedoen word met die oog op befondsing of universiteitsgoedkeuring van die studie vir graaddoeleindes, word meesal verwag dat ‘n probleem duidelik geïdentifiseer en geformuleer word.¹ Ook in die evaluering van ‘n proefskrif of wetenskaplike artikel word gewoonlik van die eksaminator of evaluateerder verwag om aan te dui of aan bepaalde algemene wetenskaplike vereistes voldoen is, waarvan een meesal handel oor die aard van die probleem wat ondersoek word en die wyse waarop dit geformuleer word.

Vir baie wetenskaplike historici was dit tot onlangs (en vir sommiges moontlik vandag nog) egter geensins vanselfsprekend dat die identifisering van ‘n bepaalde probleem die eerste stap moet wees as hulle ‘n bepaalde studie onderneem nie. In die vroeë vyftigerjare het twee Afrikaanse historici, F.A. van

-
- Prof. Pieter de Klerk is voorsitter van die vakgroep Geskiedenis in die Skool vir Basiese Wetenskappe aan die Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteitvir Christelike Hoër Onderwys. Sy jongste publikasie, “Van Afrikaans tot multikultureel - die Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1966-2000” het verskyn in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 15(1), Jun. 2001.
 - 1. Vgl. bv. die riglyne vir opstel van navorsingsvoorstelle deur die Nasionale Wetenskapstigting (National Research Foundation), soos aangedui op die webwerf WWW.nrf.ac.za; asook: J. MOUTON, *How to succeed in your master's and doctoral studies; a South African guide and resource book* (Van Schaik, Pretoria, 2001), pp. 44-61; POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHO (uitg.), *Handleiding vir nagraadse studie 2001* (Potchefstroom, 2001).

Jaarsveld en T.S. van Rooyen, ‘n polemiek gevoer wat hoofsaaklik oor hierdie kwessie gehandel het. Van Jaarsveld het verklaar dat Van Rooyen se proefskrif ‘n “pakhuiskarakter” het en ‘n “Gesamtgechichte” is wat “nòg op ‘n historiese probleem nòg op ‘n teoretiese grondslag” berus.³ Van Rooyen het geantwoord dat ‘n goeie historikus hom huis van ‘n “vooropgestelde teorie en opvatting” moet ontworstel en dat ‘n probleemstelling uit die materiaal self moet groei en nie daarop afgedwing moet word nie.⁴

Is dit werklik noodsaaklik of ten minste wenslik dat ‘n historikus altyd ‘n duidelike probleem moet identifiseer en formuleer as hy ‘n bepaalde stuk navorsing doen? Om hierdie vraag te beantwoord sal kortliks nagegaan word hoe hierdie saak in werke oor die historiese metodologie behandel word. Daar sal gekonsentreer word op metodologiehandboeke wat bedoel is vir studente of beginnernavorsers, maar ander werke wat aspekte van die metodologie behandel, word ook in beskouing geneem.⁵ Die rol van die probleemstelling kan nie heeltemal losgemaak word van ander aspekte van historiese navorsing, soos die gebruik van hipoteses, nie, maar daar word tog gepoog om in hierdie artikel spesifiek op die probleemstelling te fokus. Aangesien daar tans ‘n groot mate van konsensus oor die gebruik van die probleemstelling in die wetenskap bestaan, word nie op die wetenskapsfilosofiese problematiek rondom die rol van vroeë, hipoteses, ensovoorts, in wetenskaplike navorsing in die algemeen ingegaan nie.

-
2. T.S. VAN ROOYEN, “Die verhouding tussen die Boere, Engelse en naturelle in die geskiedenis van Oos-Transvaal tot 1882” in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1951, vol. 1.
 3. F.A. VAN JAARSVELD, “Geskiedenis en lewe. ‘n Metodologies-kritiese opstel” in *Standpunte*, 7(4), Jun. 1953, p. 27.
 4. T.S. VAN ROOYEN, “Filosofie en geskiedenis. ‘n Antwoord op die jongste metodologiese veronderstellinge van dr. F.A. van Jaarsveld” in *Standpunte*, 8(2), Des. 1953, p. 56. Daar het nog drie verdere artikels van Van Jaarsveld en Van Rooyen gedurende 1954 in *Standpunte* verskyn waarin die saak verder beredeneer is. Aspekte van die polemiek word kortliks bespreek in: J. DU BRUYN, “F.A. van Jaarsveld: Afrikanerhistorikus en vernuwer” in *Historia*, 27(10), Mei 1982, p. 56-58; A. VAN JAARSVELD, “Dr. T.S. van Rooyen (1922-1967) en die historiese geleerdheid” in *Historia*, 30(1), pp. 56-58; en P.H. KAPP, “Kontinentale kontak en invloed op die Afrikaanse geskiedbeoefening” in *Historia*, 45(2), Nov. 2000, pp. 420-421, 432-433.
 5. Alhoewel ek gepoog het om soveel as moontlik handboeke oor die historiese metodologie onder oë te kry, maak ek geensins aanspraak op volledigheid nie. Werke in ander tale as Afrikaans, Duits, Engels en Nederlands is nie bestudeer nie, behalwe as hulle in vertaalde vorm beskikbaar is. Daar is ‘n hele aantal boeke gevind wat net ‘n hoofstuk of afdeling oor geskiedenismetodologie bevat. Na hierdie boeke word slegs verwys as daarin heelwat aandag aan die probleemstelling gegee word.

2. Vroeë metodologiese werke

Onder invloed van resente beskouinge oor die geskiedenis en die wetenskap, en veral van die denkstroming wat gewoonlik onder die term “postmodernisme” saamgevat word, word dit vandag deur baie historici beklemtoon dat die ontwikkeling van die wetenskaplike geskiedskrywing in die negentiende eeu nie so ‘n radikale breuk met die “voorwetenskaplike” geskiedskrywing van vorige eue gebring het as wat skrywers oor die ontwikkeling van die geskiedwetenskap vroeër dikwels aangedui het nie. Dit word tog meesal aanvaar dat daar in die negentiende eeu ‘n proses van professionalisering in die geskiedkunde plaasgevind het, waardeur dit as ‘n aparte dissipline aan universiteite bestudeer is en dat daar in dié periode gepoog is om vaste wetenskaplike metodes vir die geskiedkunde te ontwikkel.⁶ Die eerste handboeke oor historiese navorsingsmetodes het dan ook die negentiende eeu hul verskyning gemaak. Johann Gustav Droysen, wat meesal as een van die vernaamste negentiende-eeuse geskiedskrywers gereken word, se *Grundriss der Historik*, waarvan die eerste uitgawe reeds in 1858 verskyn het,⁷ was een van die eerste werke oor die metodologie van geskiedenis deur ‘n professionele historikus. In hierdie geskrif, wat slegs 27 bladsye beslaan, is daar ‘n afdeling oor die metodiek, wat verdeel is in drie onderafdelings wat handel oor heuristiek, kritiek en interpretasie. Die afdeling bevat ook ‘n inleidende paragraaf waarin gestel word dat historiese navorsing berus op bepaalde herinneringe of kennis en dat hierdie kennis in die navorsing verduidelik en bewys moet word. Hy verklaar dan, sonder verdere verduideliking, dat die historiese vraag (“historische Frage”) die uitgangspunt van navorsing is.⁸

-
6. G.G. IGGERS, *Historiography in the twentieth century; from scientific objectivity to the postmodern challenge* (Wesleyan University Press, Hanover, NH, 1997), pp. 1-3.
 7. J.G. DROYSEN, *Grundriss der Historik*. (Frohmann, Jena, 1858). Hierdie werk is herdruk as deel van J.G. DROYSEN, *Historik; Vorlesungen über Enzyklopädie und Methodologie der Geschichte* (Oldenbourg, München, 1936, herdruk 1960) en ook opgeneem in J.G. DROYSEN, *Historik. Historisch-kritische Ausgabe von P. Leyh*, vol. 1 (Frohmann-Holzboog, Stuttgart, 1977). Leyh se uitgawe van Droysen se werk bevat ook sy ongepubliseerde lesings wat reeds in 1857 gelewer is, en wat heelwat uitgebreider is as die publikasie van 1858.
 8. J.G. DROYSEN, *Grundriss...*, p. 11. In die lesings, soos opgeneem in J.G. DROYSEN, *Historik. Historisch-kritische Ausgabe...*, en ook in latere uitgawes van die *Grundriss...*, waarin Droysen byvoegings gemaak het, soos aangedui in J.G. DROYSEN, *Historik; Vorlesungen...* is daar geen uitbreiding in die gedeelte oor die historiese vraagstelling nie. C.V. LANGLOIS en C. SEIGNOBOS, in hul *Introduction to the study of history* (Duckworth, Londen, 1898, herdruk 1925, vertaal uit Frans), p. 7, beskou Droysen se *Grundriss...* as deurmekaar en duister. In sy eie tyd het Droysen se teoretiese werk oor die geskiedenis blykbaar nie baie hoë aansien geniet nie. In die twintigste eeu was daar ‘n oplewing in die belangstelling in Droysen se werk, en hy word nou beskou as ‘n belangrike grondlegger van die hermeneutiese metode, soos aangewend in die geskiedkunde. Vgl. M.J. MCLEAN, “Johann Gustav Droysen and the development of historical hermeneutics” in *History and Theory*, 21(3), 1982, pp. 347-365.

Droysen het tot kort voor sy dood in 1884 gereeld lesings oor die historiese metodologie gelewer waarby hy aantekeninge aanvullend tot sy oorspronklike werk gemaak het. Die volledige aantekeninge, geredigeer deur R. Hübner, het in 1936 vir die eerste keer in druk verskyn.⁹ Hierdie werk bevat 'n meer uitgebreide afdeling oor metodiek (ongeveer 160 bladsye), ook verdeel in onderafdelings oor heuristiek, kritiek en interpretasie, en voorafgegaan deur 'n inleiding van ses bladsye, getiteld "die historische Frage,"¹⁰ wat 'n uitbreiding is op die kort paragraaf wat hy in 1858 daaroor geskryf het. Historiese navorsing moet 'n uitgangspunt hê, verklaar hy, en dit impliseer dat ons dinge wat ons tot dusver geglo en aanvaar het, bevraagteken en dan toets om nuwe en meer definitiewe kennis daaroor te verwerf. Ons het byvoorbeeld reeds bepaalde kennis oor Martin Luther se optrede by die Ryksdag van Worms. As ons daaroor begin nadink, kom daar vrae na vore, soos waarom Luther se optrede daar so 'n groot betekenis gehad het en wat die politieke en kerklike omstandighede van die tyd was wat daartoe gelei het dat Luther se optrede so 'n verreikende invloed gehad het. Deur hierdie vrae te stel, kan iemand dus dit wat hy in sy navorsing probeer vind, afbaken. Droysen wys daarop dat die aard van die vrae wat 'n mens stel, afhang van die kennis en opvattinge wat iemand reeds oor 'n bepaalde saak het. Deur 'n historiese vraag te stel, kom daar bepaalde moontlikhede of vermoedens by ons op en dan kan ons voortgaan om te ondersoek of dit wat ons vermoed, bewys kan word. In die loop van die navorsingsproses kan die aard van die vermoede verander. Navorsing beteken dus nie om toevallig iets te vind nie, maar om op soek na iets te wees; alleen dan is dit moontlik om iets te vind. Droysen meen dat die genialiteit van 'n historikus veral in die aard van die vrae wat hy stel na vore kom.¹¹

Vir Droysen is die vraag en die soeke wat uit die vraag voortkom dus die eerste stap in die proses van historiese navorsing.¹² Die volgende stap is om die verskillende drade of elemente wat daar in die vraag verwikkel is te identifiseer en dan vas te stel hoe en waar om dié bronne te soek wat nagegaan moet word om vas te stel of die vermoedens wat die historikus het wel gegrond is. Dit lei tot die vraag watter soort bronne gebruik kan word.¹³ Hierop gaan hy in in die volgende hoofstuk, wat handel oor die heuristiek.

-
9. J.G. DROYSEN, *Historik; Vorlesungen...*; J.G. DROYSEN, *Historik. Historisch-kritische Ausgabe...*, bevat 'n nog vollediger versameling van Droysen se geskrifte oor die historiese metodologie, maar kom, wat die gedeelte oor die historiese vraagstelling betref, geheel en al ooreen met die uitgawe van 1936.
 10. J.G. DROYSEN, *Historik; Vorlesungen...*, pp. 31-36.
 11. K.H. SPIELER wys, in sy *Untersuchungen zu J.G. Droysens "Historik"* (Duncker & Humblot, Berlyn, 1970), pp. 35-37, op die ooreenkoms tussen Droysen se opmerkings oor die historiese vraagstelling en die sewentiende-eeuse denker R. Descartes se beskouing oor metodiese twyfel.
 12. J.G. DROYSEN, *Historik; Vorlesungen...*, p. 36: "Die Frage und das Suchen aus der Frage, das ist der erste Schritt der historischen Forschung."
 13. J.G. DROYSEN, *Historik; Vorlesungen...*, p. 36.

Probleemstelling

Hoewel Droysen die stel van ‘n vraag of probleem as eerste stap in historiese navorsing aandui, kom hierdie aspek byna nie aan die orde in ander belangrike handboeke oor geskiedenismetodologie wat in die negentiende en vroeë twintigste eeu verskyn het nie. Ernst Bernheim se invloedryke *Lehrbuch der historischen Methode*, wat vir die eerste keer in 1889 gepubliseer is en waarvan die laaste hersiene uitgawe in 1914 verskyn het,¹⁴ gee geen aandag aan die rol van ‘n probleemstelling of, wat Droysen noem, ‘n “historische Frage” in die navorsingsproses nie. Langlois en Seignobos het in hulle *Introduction aux études historiques*, wat vir die eerste keer in 1898 verskyn en in dieselfde jaar reeds in Engels vertaal is,¹⁵ in groot mate van Bernheim se werk gebruik gemaak.¹⁶ Hulle gee ewe min aandag aan die probleemstelling. In een van de laaste hoofstukke, wat onder meer handel oor verskillende soorte geskiedskrywing, merk hulle byna terloops op dat ‘n skrywer van ‘n historiese monografie ‘n onderwerp behoort te kies wat werklik van belang is; dit is die gawe om belangrike probleme raak te sien en die vermoë om hulle op te los, wat bepaal of iemand ‘n wetenskaplike van die eerste orde sal word of nie.¹⁷ Hulle gaan nie verder hierop in nie.

Wilhelm Bauer, wie se *Einführung in das Studium der Geschichte*,¹⁸ soos die werke van Bernheim en Langlois en Seignobos, deur baie historici, ook in Suid-Afrika, jare lank as ‘n gesaghebbende werk oor die metodologie aanvaar is,¹⁹ handel eweneens nie oor die probleemstelling nie. Hy wys net kortliks daarop dat die keuse van die onderwerp die aard van die bronne wat gebruik moet word, bepaal.²⁰ Hy wy later in die werk ‘n enkele bladsy aan die keuse van ‘n onderwerp en dui daarin veral aan dat ’n beginnernavorser ‘n tema moet kies wat by sy vermoëns pas en wat nie te beperk maar ook nie te uitgebreid is nie.²¹

-
14. E. BERNHEIM, *Lehrbuch der historischen Methode und der Geschichtsphilosophie* (Burt Franklin, New York, 1914, herdruk 1970).
 15. C.V. LANGLOIS en C. SEIGNOBOS, *Introduction to the study of history*.
 16. *Ibid.*, pp. 10-11.
 17. *Ibid.*, pp. 304-305.
 18. W. BAUER, *Einführung in das Studium der Geschichte* (Mohr, Tübingen, 1928, tweede uitgawe). Die eerste uitgawe het verskyn in 1921.
 19. Vgl. P.H.KAPP, “Kontinentale kontak en invloed op die Afrikaanse geskiedbeoefening” in *Historia*, 45(2), Nov. 2000, p. 431.
 20. W. BAUER, *Einführung in das Studium der Geschichte*, p. 157.
 21. *Ibid.*, pp. 356-357.

In die werke van Fling, Vincent, Feder en Johnson word daar ook nie oor die probleemstelling gehandel nie.²²

In die gesaghebbende werke oor die historiese metode wat voor die dertigerjare van die vorige eeu verskyn het, word die kwessie van probleemidentifisering dus nie bespreek nie. Droysen se *Historik* is in hierdie opsig ‘n uitsondering, maar, hoewel dit lesings bevat wat voor 1884 gelewer is, is dit eers in 1936 gepubliseer. As veral die bogenoemde opmerkings van Langlois en Seignobos in ag geneem word, lyk dit of handboekskrywers dit as so ‘n vanselfsprekende saak beskou het dat ‘n historikus ‘n bepaalde probleem kies vir ondersoek dat nie verder daaroor uitgewei is nie. In 1895 het die bekende historikus lord Acton, in sy inougerele rede aan die Universiteit van Cambridge, kortlik advies oor ‘n aantal aspekte van historiese navorsing aan kollegas en studente verskaf en die opmerking gemaak: “study problems in preference to periods; for instance the derivation of Luther, the scientific influence of Bacon, the predecessors of Adam Smith...”²³

Die ewe bekende geskiedskrywer Johan Huizinga het ongeveer dertig jaar later die waarskuwing gerig dat die historiese wetenskap ly aan die euwel van ‘n onvoldoende formulering van vrae. Dit lei daartoe dat historici soms bronnekrities bewerk met die idee dat dit ‘n voorstudie vir verdere wetenskaplike werk is, maar dikwels blyk dan later dat die werk nie van wesenlike belang is nie.²⁴ Uit die opmerkings van Acton en Huizinga blyk dit dat daar in hierdie vroeë jare van die ontwikkeling van die geskiedkunde beslis gebreke bestaan het in die opleiding van historiese navorsers ten opsigte van die identifisering van spesifieke probleme waarop hul hul navorsingswerk behoort te rig.

3. Latere metodologiese werke

In die dertiger- en veertigerjare van die vorige eeu het veral twee historici, A. Nevins en R.G. Collingwood, werke oor geschiedenismetodologie gelewer waarin heelwat aandag aan die rol van die probleemstelling gegee word. Nevins

-
22. F.M. FLING, *Outline of historical method* (Burt Franklin, New York, 1899, herdruk 1971); M. VINCENT, *Historical research; an outline of theory and practice* (Burt Franklin, New York, 1911, herdruk 1974); A. FEDER, *Lehrbuch der geschichtlichen Methode* (Josef Kösel & Friedrich Pustet, Regensburg, 1924, derde uitgawe); A. JOHNSON, *The historian and historical evidence* (Scribner, New York, 1926). Feder bespreek wel kortlik die rol van die hipotese as hulpmiddel by die historiese sintese (pp. 290-294) en ook Johnson gee (op pp. 157-176) aandag aan die waarde van hipoteses vir historiese navorsing.
23. L.E.E. DALBERG-ACTON (Lord Acton), *Lectures in modern history* (Macmillan, Londen, 1921), p. 24. Sy intreerde van 1895 is in hierdie boek opgeneem.
24. J.H. HUIZINGA, *Verzamelde werken*, vol. 7 (Haarlem, Tjeenk Willink, 1950), pp. 35-45. Die eerste gedeelte van hierdie volume is ‘n herdruk van Huizinga se *Cultuurhistorische verkenningen*, wat oorspronklik in 1929 gepubliseer is en wat gebaseer is op lesings wat gelewer is in 1926.

Probleemstelling

wy ‘n hoofstuk aan die onderwerp “problems in history”.²⁵ Daarin skryf hy dat dit die populêre siening van geskiedenis is dat dit bestaan uit ‘n groot versameling feite waarbinne dan ‘n vaste aantal feite oor onderwerpe soos die oorsake van die Krimoorlog of die stryd tussen Hendrik VIII van Engeland en die pous te vindé is. So ‘n siening van geskiedenis maak dit onmoontlik om te begryp dat ‘n geskiedenis wat byvoorbeeld die finale woord oor die Protestantse Kerkhervorming spreek, nooit geskryf sal word nie. Geskiedenis behoort eerder as ‘n reeks probleme gesien te word waarvoor die historikus oplossings probeer vind. Sommige probleme is onoplosbaar omdat daar nie genoeg gegewens bestaan nie, of omdat hulle te kompleks is. ‘n Voorbeeld van laasgenoemde is die vraag: Wat was die oorsake van die val van die Romeinse Ryk? Tog is daar talle probleme waarvoor die historikus wel oplossings kan probeer vind.

Hierdie probleme kan verskillende aard wees, onder meer:

- probleme van tyd: wanneer het die streefe na onafhanklikheid van die Amerikaanse kolonies begin?
- probleme van identiteit: wie was koning Arthur?
- probleme van persoonlikheid: watter persoonlikheid het Catharina de Medici eintlik gehad?
- probleme van motief: waarom het Napoleon die vredesverdrag van Amiens verbreek?
- probleme rakende die oorsprong van idees of beskouinge: waar kom die beskouinge vandaan wat in die Amerikaanse grondwet beliggaam is?
- probleme van plek: waar is die slagveld van Bannockburn geleë?

Hy vermeld ‘n aantal studies waarin hierdie en soortgelyke probleme behandel word. Baie van die studies is in die vorm van monografieë of artikels gepubliseer. In uitgebreide geskiedenisboeke word die oplossing van probleme soms gekombineer met sake soos ‘n beskrywing van plekke, persone en gebeurtenisse, en op hierdie manier word die probleme byna onsigbaar in die historiese verhaal ingeweef. Dit is egter van die grootste belang dat die historikus sy studie benader as ‘n reeks van probleme.

“If it is treated merely as an entertaining story, a theme for a picturesque narrative or well-colored description, the student slips over its surface. The way to penetrate beneath the pretty superficialities and come to grips with historical realities is to pound one incisive question after another, until the past ceases to

25. A. NEVINS, *The gateway to history* (Heath, Boston, 1938), pp. 205-237. In die hersiene uitgawe van 1962 (Anchor Books, New York), is daar niks aan hierdie gedeelte verander nie.

look like a smooth record and becomes instead a rough and puzzling set of difficulties... When the puzzling problems have been identified and correctly stated, then and only then can profitable study be begun.”²⁶

Die filosoof en historikus R.G. Collingwood se invloedryke werk *The idea of history* is ‘n geskiedfilosofiese boek waarin daar tog ook aandag gegee word aan aspekte van die geskiedenismetodologie. Dit is gebaseer op manuskripte wat Collingwood al in die dertigerjare vir publikasie voorberei het, maar wat eers in 1946, drie jaar na sy dood, verskyn het.²⁷ Hy lewer daarin skerp kritiek op wat hy noem “scissors-and-paste history” of ook “pre-scientific history”, waarin gedeeltes uit bronne en ander geskiedenisboeke uitgehaal en dan saamgevoeg word.²⁸ Hoewel dié soort geskiedenis in die klassieke en vroeg moderne periodes in swang was, meen Collingwood dat dit in sy tyd nog nie verdwyn het nie. Die rede daarvoor is dat daar nog historici is wat historiese kritiek net toepas in dié sin dat bepaalde getuienis óf aanvaar óf verwerp word.²⁹ Die wetenskaplike historikus, daarenteen, lees dokumente met ‘n vraag in sy gedagtes en kyk of die bron hom help om ‘n antwoord daarop te vind.³⁰

Met verwysing na die uitspraak van Acton waarna in die vorige afdeling verwys is, verklaar hy:

-
26. *Ibid.*, p. 211.
27. R.G. COLLINGWOOD, *The idea of history* (Oxford University Press, Oxford, 1946, herdruk 1973). In 1992 het ‘n hersiene uitgawe van die boek die lig gesien, wat bestaan uit ‘n herdruk van die uitgawe van 1946 saam met enkele geskrifte van Collingwood wat al uit die twintigerjare dateer, maar wat nog nie vroeër in druk verskyn het nie. In hierdie geskrifte kom sy beskouing dat die historikus probleme moet bestudeer en identifiseer reeds na vore en word ‘n interessante onderskeid getrek tussen primêre en sekondêre historiese probleme. Sien R.G. COLLINGWOOD, *The idea of history* (Oxford University Press, Oxford, 1994; hersiene uitgawe), veral pp. 406-408, 426, 472. In die werk wat in 1940 as manuskrip voltooi is en in 1946 verskyn het, word aspekte van sy beskouing oor die historiese probleem verder uitgewerk en aangesien dit hierdie werk is wat ‘n belangrike invloed op historici gehad het, word slegs die opmerkings wat hy daarin oor die historiese probleem maak hier kortlik berspreek. In 1999 het ‘n verdere publikasie van Collingwood se nagelate manuskripte verskyn, naamlik R.G. COLLINGWOOD, *The principles of history and other writings in philosophy of history* (Oxford University Press, Oxford). Daarin word nie verder uitgebrei op die rol van die van vraagstelling in historiese ondersoek nie.
28. R.G. COLLINGWOOD, *The idea of history* (albei uitgawes), pp. 143, 257.
29. Collingwood beskou die werk van C.V. LANGLOIS en C. SEIGNOBOS, *Introduction to the study of history*, as ‘n handboek om “scissors-and-paste history” te skryf; R.G. COLLINGWOOD, *The idea of history* (albei uitgawes), p. 143.
30. R.G. COLLINGWOOD, *The idea of history* (albei uitgawes), p. 269. W.J. VAN DER DUSSEN, gee in sy *Filosofie van de geschiedenis; een inleiding* (Coutinho, Muiderberg, Nederland, 1986), pp. 144-178, ‘n beknopte samevatting van Collingwood se geskiedfilosofie en dui die plek wat die probleembenedering in die wetenskap hierbinne inneem aan.

“Scissors-and-paste historians study periods; they collect all the extant testimony about a limited group of events, and hope in vain that something will come out of it. Scientific historians study problems: they ask questions, and if they are good historians they ask questions which they see their way to answering.”³¹

In verskeie van die metodologiehandboeke wat sedert die vyftigerjare van die twintigste eeu verskyn het, word aandag aan die probleemstelling gegee, hoewel in baie gevalle nie baie deeglik nie en nie in ‘n aparte afdeling wat die hoofstukke oor heuristiek en bronnekritiek voorafgaan nie. Gottschalk, byvoorbeeld, bespreek kortlik (in’n enkele bladsy) eers in een van die latere hoofstukke van sy bekende inleiding tot die historiese metode die wenslikheid om ‘n onderwerp van ‘n historiese ondersoek in die vorm van ‘n vraag of vraende hipotese te stel.³² Die werke van Galbraith, Daniels en Shafer³³ bevat wel kort afdelings oor aspekte van die probleemstelling, hoewel die begrip “probleemstelling” nie gebruik word nie. Shafer en sy medewerkers adviseer voornemende navorsers om voorlopig ‘n onderwerp te kies en daaroor te begin lees en tydens dié proses steeds vrae te stel. Hierdie vrae kan help om rigting aan die navorsingsproses te gee en uiteindelik om die onderwerp meer af te baken. Hulle verduidelik dat hierdie vrae ook die basis verskaf om ‘n seleksie uit die massa beskikbare gegewens te maak.³⁴ Hulle kom dan in ‘n latere hoofstuk, na behandeling van die historiese kritiek, terug op die rol wat die stel van vrae

- 31. R.G. COLLINGWOOD, *The idea of history* (albei uitgawes), p. 281. Hy gaan verder deur die aktiwiteitie van die “scissors-and-paste historian” te vergelyk met dié van die Arthur Conan Doyle se speurder Sherlock Holmes, wat op die vloer rondkruip om alle moontlike gegewens te vind wat kan help om sy moordsaak op te los. Die wetenskaplike historikus, daarenteen, gaan te werk soos Agatha Christie se speurder, Hercule Poirot, wat eers nadink (of die “little grey cells” gebruik, soos Poirot dit self uitdruk) om vrae te formuleer en dan na antwoorde gaan soek. Lord Acton, wat geleef het toe die werke van Sherlock Holmes druk gelees is, se uitspraak dat probleme eerder as periodes bestudeer moet word, is daarom, volgens Collingwood, waarskynlik nie in sy eie tyd gewaardeer nie. Die gewildheid van Agatha Christie se boeke in die twintiger- en dertigerjare van die twintigste eeu dui vir Collingwood daarop dat ‘n wetenskaplike benadering ook by die gewone mense meer inslag begin vind het as ‘n “scissors-and-paste” benadering. G.S. COUSE, “Collingwood’s detective image of the historian and the study of Hadrian’s wall” in *History and Theory*, 29 (Beiheft), 1990, pp. 57-77, bespreek probleme rakende vergelykinge wat Collingwood maak tussen die metodes van die speurder en dié van die historikus.
- 32. L. GOTTSCHALK, *Understanding history: a primer of historical method* (Knopf, New York, 1969, tweede uitgawe), pp. 208-209.
- 33. V.H. GALBRAITH, *An introduction to the study of history* (Watts, Londen, 1964); R.V. DANIELS, *Studying history; how and why* (Prentice-Hall, Englewood Cliffs, 1966); R.J. SHAFER, ed., *A guide to historical method* (Wadsworth, Belmont, California, 1980, derde uitgawe).
- 34. R.J. SHAFER, ed., *A guide to historical method*, pp. 43-49.

speel in die navorsingsproses en bespreek die gebruik van werkshipoteses (“working hypotheses”) as middele om die navorsingsproses te stuur.³⁵

In die periode tussen 1945 en 1989 is in die destydse Duitse Demokratiese Republiek (dit wil sê Oos-Duitsland), soos ook in ander kommunistiese lande, die Marxisme-Leninisme as amptelike ideologie en derhalwe ook as “wêreldbekoulike, kenteoretiese en metodologiese grondslag vir die geskiedkunde”³⁶ aanvaar. In ‘n inleidende werk oor die metodes van historiese navorsing wat vanuit hierdie ideologiese uitgangspunt geskryf is, word daar kortlik oor “die probleem as uitgangspunt van historiese navorsing”³⁷ gehandel. Volgens die handboekskrywers kom in die probleemstelling van die historikus nie net sy besondere belangstelling nie, maar ook die politieke belangstelling van ‘n sosiale klas na vore. Die redes waarom “burgerlike” en Marxisties-Leninistiese interpretasies van die Franse Rewolusie verskil, kan daarom na verskillende probleemstellings teruggevoer word. In hulle bespreking van die rol van die probleemstelling wys hulle daarop dat probleemformulering as ‘n proses beskou moet word wat deel vorm van die hele proses van historiese kennisvorming en dat dit oorgaan in ‘n proses van probleemoplossing.³⁸ In die Poolse historikus Topolski se inleiding tot die historiese metodologie, wat in dieselfde tydperk verskyn het,³⁹ word die historiese materialisme ook as ‘n model aanvaar waarbinne historiese studie gedoen kan word, maar hierbenewens ruimte vir ander benaderingswyses gelaat. Topolski sien die stel van vrae as ‘n essensiële element in die navorsingsproses en bespreek kortlik die waarde van vraagstelling, hipoteses, teorieë en modelle vir historiese navorsing.⁴⁰

Twee resente beknopte handleidings oor aspekte van historiese navorsingsmetodes, naamlik die werke van De Buck en Jordanova,⁴¹ gee heelwat aandag aan die rol van probleemidentifisering en –formulering. Die beknopte werk van De Buck en medewerkers bevat vier hoofstukke, waarvan die eerste een handel oor die afbakening van die onderwerp en die probleemstelling. Daarin word beklemtoon dat ‘n onderwerp nie voldoende afgebaken is deur ‘n tydperk, ‘n gebied en ‘n tema te kies nie.

Onderwerp en probleemstelling zijn onafscheidelijk. Wie een onderwerp heeft

-
35. *Ibid*, pp. 172-178.
 36. W. ECKERMAN e.a., *Einführung in das Studium der Geschichte* (VEB, Berlyn, 1979, derde uitgawe), p. 19.
 37. *Ibid.*, p. 215.
 38. *Ibid.*, p. 223.
 39. J. TOPOLSKI, *Methodology of history* (Reidel, Dordrecht, 1976, vertaal uit Pools).
 40. *Ibid.*, pp. 361-375.
 41. P. DE BUCK e.a., *Zoeken en schrijven; handleiding bij het maken van en historisch werkstuk* (Gottmer Educatief, Haarlem, 1982; in 1998 vir die negende keer herdruk); L. JORDANOVA, *History in practice*.(Arnold, Londen, 2000).

Probleemstelling

bedacht, moet ook een probleemstelling bedenken. Vaak denkt men dat het bedenken van een onderwerp al genoeg is, om vervolgens over te gaan tot het schrijven van een werkstuk.⁴² Een student deelt mee dat hij een werkstuk gaat schrijven over de Hervorming in de Nederlanden in de zestiende eeuw, de docent verzuimt hem naar zijn probleemstelling te vragen en het kwaad is geschied. Het leidt tot een werkstuk zonder enige lijn, een ‘omgevallen’ kaartenbak hoogstens, en tot ach en wee geroep bij docent en student.⁴³

De Buck en sy medeskrywers verduidelik dat ‘n probleemstelling meesal na vore kom wanneer oriënterende leeswerk oor ‘n onderwerp gedoen word en dat dit gewoonlik aanvanklik redelik vaag geformuleer word. Die probleemstelling word die leidraad in die ondersoek, maar word self in die loop van die ondersoek verfyn en soms ook gewysig. Die probleemstelling behoort uiteindelik so geformuleer te word dat die ondersoek uitloop op ‘n nuwe bydrae tot die geskiedkunde. ‘n Nuwe probleemstelling ten opsigte van ‘n onderwerp waaroor reeds navorsing gedoen is, kan impliseer dat die onderwerp vanuit ‘n nuwe hoek bekyk moet word, maar soms ook dat dit vanuit dieselfde hoek bekyk word en dat daar tot nuwe gevoltagekkings gekom kan word deur die onderwerp deegliker of beter te behandel as wat die vorige navorser gedoen het. Hulle waarsku teen die gevvaar om ‘n probleemstelling te formuleer wat nuut klink maar nie werklik op ‘n nuwe bydrae uitloop nie. Soos wat die onderwerp in die navorsingsproses meesal in verskillende dele opgebreek word, kan en behoort die probleemstelling ook in “deelprobleemstellings” opgebreek te word.⁴⁴

Jordanova doen ‘n oorsigtelike bespreking van ‘n hele aantal aspekte van die geskiedbeoefening en handel in ‘n aparte hoofstuk oor die vaardighede van die historikus. Daarin bestempel sy die identifisering van ‘n historiese probleem as miskien die belangrikste vaardigheid waaroor ‘n geskiedskrywer moet beskik.⁴⁵ ‘n Historiese probleem kan nie gelykgestel word aan ‘n onderwerp of stuk van die verlede nie. As iets te bestudeer word “net omdat dit daar is”, lei dit tot ‘n behandeling sonder ‘n duidelike fokus.

The way into any historical work – whether undergraduate essays or the most advanced research – must be through a question, a puzzle, a conundrum, an anomaly, a surprise, a hypothesis.⁴⁶

-
42. By ‘n historiese “werkstuk” dink die skrywers aan navorsingswerk deur studente wat op dokumentestudie, maar ook op ‘n studie van gepubliseerde werke, gebaseer kan wees. P. DE BUCK e.a., *Zoeken en schrijven; handleiding bij het maken van en historisch werkstuk*, p. 6.
 43. P. DE BUCK e.a., *Zoeken en schrijven; handleiding bij het maken van en historisch werkstuk*, p. 8.
 44. *Ibid.*, pp. 8-11.
 45. L. JORDANOVA, *History in practice*, p. 174.
 46. *Ibid.*, p. 174.

Sy meen dat vergelyking, hetsy van bronne, van historiese werke of van teorieë, ‘n belangrike middel is vir historici om die probleme raak te sien waarvoor hul oplossings moet probeer vind. Sy wys ook daarop dat die tradisies wat op bepaalde terreine van die geskiedskrywing ontwikkel het en die soort navorsing wat op ‘n bepaalde terrein gedoen word meesal ‘n invloed het op die aard van die vrae wat gestel word. ‘n Historikus wat oor die geskiedenis van die Britse stad Norwich werk, sal deur vergelyking met die ontwikkeling van ander Britse stede, maar ook op grond van die werk wat oor stedelike en streeksgeskiedenis in Europa gedoen is, geleei word om ‘n bepaalde soort probleme te identifiseer. ‘n Verskeidenheid faktore bepaal uiteindelik die aard van die probleme wat iemand vir ondersoek selekteer en die wyse waarop ‘n probleem geformuleer word.⁴⁷

In twee resente handleidings wat veral vir voorgraadse geskiedenisstudente bedoel is, naamlik dié van Black & MacRaild en Marius, word die noodsaak van ‘n vraagstelling in die skryf van historiese werkstukke en in historiese navorsing kortliks na vore gebring.⁴⁸ Benewens bogenoemde werke het daar in die jare sedert 1945 heelwat handleidings oor die historiese metodologie verskyn waarin baie min of geen aandag aan die probleemstelling gegee word nie. In Garraghan se omvattende gids word glad nie oor die probleemstelling gehandel nie, hoewel daar wel ‘n kort afdeling oor die gebruik van hipoteses as deel van bronnekritiek is.⁴⁹ Heel aan die einde van die boek verwys hy na Acton se uitspraak dat probleme eerder as periodes bestudeer moet word en verklaar dan dat die onderwerpe wat studente vir verhandelinge kies meesal moeilik in die vorm van probleme gestel kan word.⁵⁰ In die resente werk van Tosh word kortliks aangedui dat die vrae wat die historikus stel as hy met sy navorsing begin ‘n groot invloed het op die resultaat en word die gebruik van goed geformuleerde

47. *Ibid.*, pp. 174-177.

48. J. BLACK en D.M. MACRAILD, *Studying history* (Macmillan, Londen, 1997), pp. 182, 193-194; R. MARIUS, *A short guide to writing about history* (Longman, New York, 1999, derde uitgawe), pp. 13, 29, 86.

49. G.J. GARRAGHAN, *A guide to historical method* (Fordham University Press, New York, 1946), pp. 153-160.

50. *Ibid.*, pp. 423-424.

hipoteses aanbeveel, maar word daar nie verder ingegaan op die formulering van ‘n probleemstelling nie.⁵¹

In Suid-Afrika is daar geen uitgebreide werke oor die historiese metode gepubliseer nie. De Vleeschauer se *Handleiding by die wetenskaplike tegniek*⁵² behandel, soos die subtitel aandui, baie sake wat in die meeste werke oor die historiese metodologie te vinde is, maar gee nie aandag aan die rol van die probleemstelling nie. Van Jaarsveld, wat, soos in afdeling 1 hierbo vermeld, historiese werke gekritiseer het wat, volgens hom, nie van ‘n duidelike probleemstelling uitgaan nie, behandel in twee van sy publikasies aspekte van die historiese metodologie vir studente, en duï daarin die “vraagstelling aan die verlede” as ‘n eerste stap in historiese navorsing aan, maar gee in albei gevalle net ‘n verduideliking van ‘n enkele paragraaf.⁵³ De Klerk se *Geskiedenis as kultuurontwikkeling* bevat ‘n hoofstuk oor die metodes van die geskiedkunde waarin die probleemstelling en hipotese as beginpunt van die navorsingsproses ‘n bietjie meer uitgebreid bespreek word.⁵⁴

4. Moontlike redes vir die gebrekkige aandag aan die probleemstelling in metodologiese werke

Uit die voorafgaande oorsig blyk dat vanaf die negentiende eeu tot in die tagtigerjare van die vorige eeu metodologiehandboeke verskyn het waarin geen

-
51. J. TOSH, *The pursuit of history* (Longman, Londen, 1991, tweede uitgawe), pp. 54-55, 137-138. Die derde uitgawe, wat in 2000 verskyn het, kon ongelukkig nie bekom word voor die artikel gefinaliseer is nie. Ander werke waarin daar feitlik geen verwysing na die gebruik van die probleemstelling is nie, is: G.J. RENIER, *History, its purpose and method* (Allen & Unwin, Londen, 1950); H.C. HOCKETT, *The critical method in historical research nd writing* (Macmillan, New York, 1955); E.I. STRUBBE, *Inleiding tot de historische kritiek*. (Standaard, Antwerpen, 1964, hersiene uitgawe); W. GRAY, *Historian's handbook; a key to the study and writing of history* (Houghton Mifflin, Boston, 1964,tweede uitgawe); G.S.R. KITSON CLARK, *The critical historian* (Heinemann, Londen, 1967); L.G. BRANDON, *History; a guide to advanced study* (Edward Arnold, Londen, 1976); J. BARZUN en H.GRAFF, *The modern researcher* (Harcourt Brace Jovanovich, New York, 1985, vierde uitgawe).
 52. H.J. DE VLEESCHAUWER, *Handleiding by die wetenskaplike tegniek, ten behoewe van die historiese en die geesteswetenskappe in die algemeen* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960).
 53. F.A. VAN JAARSVELD en J.I. RADEMEYER, *Teorie en metodiek vir geskiedenisonderrig* (Perskor, Johannesburg, 1977, tweede uitgawe), p. 21; F.A. VAN JAARSVED, ‘n *Inleiding tot die studie van geskiedenis; nege voorlesings vir voorgraadse studente* (Nasou, Kaapstad, s.d.), pp. 63-64.
 54. P. DE KLERK, *Geskiedenis as kultuurontwikkeling; aspekte van die teorie en filosofie van geskiedenis* (Pretoria, Butterworth, 1981), pp.132-134. ‘n Beknopte werk wat aspekte van die geskiedenismetodologie op ‘n baie eenvoudige wyse verduidelik, is L. WITZ, *Write your own history* (Sached Trust, Kaapstad, 1988). Op pp. 31-32 word aangedui dat die proses van geskiedskrywing begin met die stel van vrae.

aandag aan die rol van die probleemstelling in historiese navorsing gegee word nie. Hoewel geen werke gevind is waarin die skrywers hul spesifieke teen die gebruik van ‘n probleemstelling uitspreek nie, kan uit die gebrekkige behandeling van die probleemstelling in die werke oor die historiese metodologie afgelei word dat daar geen algemene eenstemmigheid onder historici oor die belangrikheid en selfs die noodsaak van ‘n probleemstelling in historiese navorsingswerk bestaan nie. Uit die kort bespreking van metodologiese werke in die vorige twee afdelings het van die faktore wat moontlik vir hierdie toedrag van sake verantwoordelik kan wees reeds na vore gekom. Enkele historici het hulle ook hieroor uitgelaat. Aan die hand van hul uitsprake word nou kortliks bespreek watter faktore moontlik daartoe bydra dat historici nie altyd positief staan teenoor die gebruik van probleemstellings nie.

Die beskouing dat die historikus nie probleme moet ondersoek nie, maar net die verlede moet beskryf, of, in die woorde van Leopold von Ranke moet vasstel “hoe dit eintlik was”, word deur onder meer Huizinga as ‘n rede geïdentifiseer vir die verskynsel dat historici soms nie hul ondersoek begin deur die stel van een of meer vrae nie. Huizinga wys daarop dat Ranke se beroemde woorde, “wie es eigentlich gewesen”, dikwels misverstaan en buite die konteks waarin dit gebruik is, aangehaal word.⁵⁵ Huizinga meen dat Ranke se woorde die beeld oproep van iemand wat ‘n klompie skerwe van ‘n blompot voor hom het en dan probeer vasstel hoe die pot eintlik gelyk het. Die persoon het egter reeds vooraf ‘n idee van hoe die blompot moontlik kon gelyk het en dié voorstelling bepaal die manier waarop hy te werk gaan om die skerwe bymekaar te probeer pas. Net so bepaal ons voorstelling van ‘n bepaalde historiese gebeurtenis of periode ons werkwyse in ons gebruik van die bronne en so kan ons uiteindelik ‘n duideliker omlyning gee aan die voorstelling wat ons aanvanklik gehad het. As ‘n mens nie vooraf vrae formuleer nie, maar net die stof bestudeer en verwerk sonder om te weet waarna jy eintlik soek, kan dit nie lei tot ‘n goeie resultaat nie. As daar geen duidelike vrae gestel word nie, kan daar nie duidelike antwoorde gevind word nie.⁵⁶

-
55. J.H. HUIZINGA, *Verzamelde werken*, vol. 7,p. 43. Ranke se bedoeling met die gebruik van hierdie woorde en die wyse waarop historici dit later geïnterpreteer het, word bespreek deur G.G. IGGERS, “The image of Ranke in American and German historical thought” in *History and Theory*, 2(1), 1962, pp. 17-40. Die filosoof B. Croce het na die geskiedskrywing van Ranke en Burckhardt verwys as geskiedskrywing “sonder ‘n historiese probleem” (B. GROCE, *Die Geschichte als Gedanke und als Tat* [Francke, Bern, 1944, vertaal uit Italiaans], pp. 135-174). Soos F.A. VAN JAARSVED (“Oor beginselgrondslae in die geskiedeniswetenskap”, *Standpunte*, 8(3), Mrt. 1954, p. 33) tereg aantoon, lewer Croce kritiek op Ranke en Burckhardt omdat hy meen dat ‘n historikus ‘n filosofiese probleem moet ondersoek en skryf Croce nie oor die afwesigheid van probleemstellings by die twee historici nie.
56. J.H. HUIZINGA, *Verzamelde werken*, vol. 7, p. 44.

Probleemstelling

Die geskiedfilosoof D.H. Fischer bestempel die gedagte dat die historikus sonder enige voorafgaande vrae, beskouinge, aannames of vooronderstellinge kan werk as ‘n ernstige dwaling wat by sommige historici bestaan.

He is supposed to go a-wandering in the dark forest of the past, gathering nuts and berries, until he has enough to make a general truth. Then he is to store up his general truths until he has the whole truth.⁵⁷

Soos Nevins verwerp hy die beskouing dat die geskiedenis net uit ‘n groot klomp feite bestaan. Die soeke na die “hele waarheid” is ‘n onmoontlike soektog, omdat dit veronderstel dat ‘n mens alles van alles (“everything about everything”) kan weet, maar in werklikheid is dit net moontlik om “something about something” te weet.⁵⁸ Die veronderstelling van sommige historici dat historiese monografieë soos blokke opmekaar gestapel kan word om uiteindelik by ‘n voltooide piramide, soos die piramides van Antieke Egipte uit te kom, is ‘n valse voorstelling. As daar nie ‘n argitek was wat vooraf ‘n skets of idee gehad het van hoe die piramide moet lyk nie en die bou-aktiwiteite daarvolgens gekoördineer het nie, sou die piramide nie tot stand gekom het nie.⁵⁹

Die gedagte dat ‘n historikus hom kan losmaak van enige vooronderstellinge en beskouinge wanneer hy sy onderwerp behandel, en uiteindelik heeltemal “objektiewe” kenresultate kan lewer, word vandag feitlik nie meer deur historici en filosowe aanvaar nie.⁶⁰ Dit beteken egter nie noodwendig dat die gebruik van ‘n probleemstelling ‘n besondere element van subjektiwiteit in die werkswyse inbring nie. Soos in die voorafgaande afdelings aangedui, het skrywers van geskiedmetodologiese handboeke dit oor die algemeen beklemtoon dat die historikus begin met een of meer vrae en dat die aard van die vrae of probleme in die loop van die ondersoek ook gewysig en herformuleer moet word. ‘n Probleemstelling impliseer dus nie noodwendig ‘n vooropgesette teorie of selfs ‘n uitgangspunt nie. Die debat wat in die vyftigerjare deur die twee Suid-Afrikaanse historici F.A. van Jaarsveld en T.S. van Rooyen gevoer is, het

-
57. D.H. FISCHER, *Historians' fallacies; toward a logic of historical thought* (New York, Harper & Row, 1970), p. 4.
 58. Die Annales-historici se beskouing dat die historikus die “totale geskiedenis” van ‘n bepaalde gebied moet skryf, hou hoofsaaklik in dat die geskiedenis ten opsigte van alle aspekte van menslike lewe in die gebied, insluitende, onder meer, voedsel, kleding, tegniek, handel, gewoontes en godsdienst, behandel moet word en nie dat so ‘n geskiedwerk alle moontlike kennis moet bevat nie. Marc Bloch, een van die vaders van hierdie skool, beklemtoon byvoorbeeld die noodsaak van seleksie en definiering van probleme in die werksaamhede van die historikus. Vgl.: M. BLOCH, *The historian's craft* (Manchester, University Press, 1954, vertaal uit Frans), pp. 155-156; F.A. VAN JAARSVELD, *Geskiedenis van die Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie* (HAUM, Pretoria, 1980), p. 73; M. STANFORD, *The nature of historical knowledge* (Blackwell, Oxford, 1986), p. 85.
 59. D.H. FISCHER, *Historians' fallacies; toward a logic of historical thought*, p. 5.
 60. M. STANFORD, *The nature of historical knowledge*, pp. 88-113 bevat ‘n oorsigtelike en helder bespreking van hierdie saak.

hoofsaaklik oor hierdie kwessie gehandel. Terwyl Van Rooyen probeer aantoon het dat Van Jaarsveld se gebruik van 'n probleemstelling in sy proefskrif⁶¹ eintlik beteken het dat hy 'n vooropgesette teorie aanvaar het en die feite daarby ingepas het, het Van Jaarsveld volgehoud dat dit nie die geval is nie en Van Rooyen daarvan beskuldig dat hy begrippe soos probleemstelling, teorie en vooroordeel met mekaar verwarr.⁶² Volgens die bekende historikus G.R. Elton kom die beskouing soms onder historici voor dat, as 'n historikus begin met een of enkele vrae en dan verder in sy ondersoek verdere vrae stel wat deur die beginvrae bepaal is, hy uiteindelik in die bronre dit gaan vind wat hy vooraf gedink het hy daar sal vind. Hy beklemtoon dit daarom dat die historikus wel 'n aanvanklike keuse moet maak, maar dat hy hom verder deur die bronnestudie moet laat lei om by verdere vrae uit te kom; daar moet 'n wisselwerking wees tussen die luister na die bronre en die stel van vrae.⁶³

Tot onlangs was daar, ten spyte van verskillende strominge en skole in die geskiedkunde, 'n breë konsensus onder historici oor die meeste aspekte van die werkwyse van die wetenskaplike historikus.⁶⁴ Hoewel dit redelik algemeen aanvaar is dat faktore soos die tyd en plek waarin die historikus werk, en ook sy besondere persoonlikheid en beskouinge, 'n invloed het op die resultaat van sy werk, het historici meesal negatief gestaan teenoor die gedagte dat 'n bepaalde teorie of ideologie as uitgangspunt geneem word in die verrig van historiese navorsing. Die historici van die kommunistiese lande wat openlik die Marxisties-Leninistiese ideologie as grondslag vir hul navorsing aanvaar het,⁶⁵ het nie baie hoë aansien in die Weste geniet nie, veral omdat daar besef is dat hierdie historici met sulke werke eintlik ideologiese wapens gelewer het waarmee kommunistiese partybase hul eie belang kon bevorder.⁶⁶ Onder invloed van die post-modernistiese denkriktigting is die goed gevestigde beskouing dat 'n groot mate van objektiwiteit wel in die geskiedskrywing bereik kan word

-
61. F.A. VAN JAARSVED, *Die eenheidstewe van die republikeinse Afrikaners*, deel 1, *Pioniershartstogte [1836-1854]* (Impala Opvoedkundige Diens, Johannesburg, 1951).
 62. F.A. VAN JAARSVED, "Geskiedenis en lewe. 'n Metodologies-kritiese opstel" in *Standpunte*, 7(4), Jun. 1953, pp. 17-33; T.S. VAN ROOYEN, "Filosofie en geskiedenis. 'n Antwoord op die jongste metodologiese veronderstellinge van dr. F.A. van Jaarsveld" in *Standpunte*, 8(2), Des. 1953, pp. 56-62; en verdere artikels deur beide skrywers wat gedurende 1954 in *Standpunte* verskyn het.
 63. G.R. ELTON, *The practice of history* (Fontana, Londen, 1967, herdruk 1984), pp. 83-84.
 64. Vgl. G.G. IGGERS, *Historiography in the twentieth century; from scientific objectivity to the post-modern challenge*, pp. 3-8; T. NUTTAL EN J. WRIGHT, "Probing the predicaments of academic history in contemporary South Africa" in *South African Historical Journal*, 42, Mei 2000, pp. 37-38.
 65. Vgl. die opmerkings oor die werk van W. ECKERMANN e.a., *Einführung in das Studium der Geschichte*, in afdeling 3 hierbo.
 66. G.G. IGGERS, *New directions in European historiography* (Methuen, Londen, 1985, hersiene uitgawe), p. 135.

egter al meer deur historici gevraagteken en word dit meer geredelik aanvaar dat geskiedskrywing altyd ideologies gekleurd is en ‘n teoretiese basis het.⁶⁷ Dit het meer aanvaarbaar onder historici begin word om openlik te kenne te gee dat hulle ‘n bepaalde teorie of ideologie, soos die feministiese of psigo-analise, as uitgangspunt neem.

Hierdie benadering kom onder meer na vore in die reeds vermelde werk van Jordanova.⁶⁸ Sy pleit daarvoor dat skrywers van historiese werke openlik hulle uitgangspunte bekend maak. So iets is volgens haar wenslik veral omdat historici voortdurend politieke keuses (in die breë betekenis van die term) moet maak wanneer hul bepaalde onderwerpe vir navorsing selekteer of ‘n bepaalde standpunt moet inneem binne die politieke klimaat van die akademiese inrigting waar hulle werk. Sy verklaar daarom dat sy haarself as ‘n feministiese historikus beskou.⁶⁹ Jordanova gebruik die term “konsepsuele raamwerk” om na die teorie of uitgangspunt van ‘n werk te verwys en en meen dat intellektuele modes tot op groot hoogte bepaal hoe aanvaarbaar ‘n skrywer se konsepsuele raamwerk en daarmee ook sy wetenskaplike resultate in wetenskaplike kringe is.⁷⁰ Hoewel sy nie direk ‘n verband lê tussen ‘n konsepsuele raamwerk en ‘n probleemstelling nie, blyk dit, ook uit haar opmerkings oor die faktore wat ‘n invloed het op probleemformulering,⁷¹ dat sy van mening is dat die aard van die probleme wat ‘n historikus wil ondersoek veral deur die konsepsuele raamwerk bepaal word. Die beskouing dat ‘n probleemstelling nie noodwendig ‘n vooropgesette teorie impliseer nie word dus vandag nie meer so wyd aanvaar as wat vroeër die geval was nie.

Johnson en Fischer identifiseer ‘n verdere faktor wat moontlik daartoe bydra dat sommige geskiedenismetodoloë nie aandag gee aan die probleemstelling as ‘n stap in die navorsingsproses nie. Hulle meen dat daar dikwels by historici, soms dalk net onbewustelik, ‘n antipatie teenoor vrae, hipoteses en modelle voorkom en dat hulle dit beskou as iets wat nie by die werkwyse van die historikus hoort nie.⁷² Hierdie opvatting hang waarskynlik saam met die siening dat die historiese metode wesenlik verskil van dié van die natuurwetenskappe en die sosiale

67. Die aard, agtergrond en uitwerking van hierdie veranderinge in die geskiedskrywing word bespreek in G.G. IGGERS, *Historiography in the twentieth century; from scientific objectivity to the post-modern challenge*. Vgl. ook P. MAYLAM, “Dead horses, the baby and the bathwater: ‘post-theory’ and the historian’s practice” in *South African Historical Journal*, 42, Mei 2000, pp. 121-135.
68. L. JORDANOVA, *History in practice*.
69. *Ibid.*, pp. xiv. Vgl. die opmerkings oor die noodsaak van posisionering van die historikus in ‘n “post-moderne wêreld” deur K. JENKINS in sy *Rethinking history* (Londen, Routledge, 1991), pp. 69-70. Die titel van die betrokke hoofstuk is “doing history in a post-modern world”.
70. L. JORDANOVA, *History in practice*, p. 104.
71. Sien afdeling 3 hierbo.
72. A. JOHNSON, *The historian and historical evidence*, pp. 157-161; D.H. FISCHER, *Historians’ fallacies...*, p. 7.

wetenskappe. In die negentiende eeu het Heinrich Rickert en ander denkers in reaksie op die pogings van filosowe soos Auguste Comte om natuurwetenskaplike metodes op die geesteswetenskappe toe te pas, verklaar dat daar 'n essensiële verskil bestaan tussen die generaliserende metodes van die natuurwetenskaplikes en die individualiserende metodes van die geesteswetenskaplikes. Die historikus en geskiedfilosoof Johann Gustav Droysen (en later ook die filosoof Wilhelm Dilthey) het by hierdie beskouing aangesluit deur 'n onderskeid te tref tussen "verklaar" en "verstaan"; historici en ander geesteswetenskaplikes probeer nie om te verklaar nie, maar om "forschend zu verstehen",⁷³ en hierdie aktiwiteit behels 'n psigiese element van aanvoeling of empatie.⁷⁴ Die historikus se werkswyse behels egter veel meer as 'n psigiese aanvoeling. Die feit dat (soos hierbo aangetoon) naas Droysen ook Huizinga, wat aansluit by Rickert se beskouing oor die besondere aard van die geesteswetenskaplike metode,⁷⁵ en Collingwood, die oueur van die dikwels aangehaalde uitspraak "history is the re-enactment of past experience",⁷⁶ sterk voorstanders daarvan is dat historici in hul navorsingswerk duidelike vrae moet stel en formuleer, bevestig dit dat die hermeneutiese metode wat baie historici vandag nog voorstaan, geensins die gebruik van 'n probleemstelling of van hipoteses uitsluit nie.

'n Verdere faktor wat moontlik daartoe bydra dat sommige metodologiese werke nie na die probleemstelling verwys nie, is dat die formulering van 'n probleemstelling meesal nie die heel eerste ding is wat 'n historikus doen as hy met 'n stuk navorsing begin nie. Soos verskeie skrywers van handboeke waarna hierbo verwys is, aantoon, het 'n historikus aanvanklik net vae vrae, wat eers na aanvanklike leeswerk uitloop op 'n duidelik geformuleerde probleemstelling, wat dan in die loop van die navorsingsproses nog weer gewysig kan word. Dit is ook moontlik, soos, onder meer, Tosh en Stanford aandui, dat 'n historikus aanvanklik net daarin geïnteresseerd is om 'n aantal historiese dokumente te bestudeer sonder dat hy 'n onderwerp in gedagte het en eers daarna by 'n tema uitkom.⁷⁷ Soos hierbo aangedui, behandel die skrywers die rol van die probleemstelling nie altyd aan die begin van hul werk nie. Die skrywer wat studente stap vir stap wil begelei, rangskik sy stof volgens didaktiese beginsels en gee daarom soms eers later in die werk aandag aan die kwessie van probleemformulering. In die navorsingsproses kan die stappe van

- 73. Dit wil sê om ondersoekend te verstaan; J.G. DROYSSEN, *Historik; Vorlesungen...*, p. 22.
- 74. Vgl. J.G. DROYSSEN, *Historik; Vorlesungen...*, p. 22 e.v.; G.H. VON WRIGHT, *Explanation and understanding* (Routledge & Kegan Paul, Londen, 1971), pp. 4-7.
- 75. Vgl. W.E. KRUL, "Johan Huizinga (1872-1945)" in in A.H. HUUSSEN e.a., *Historici van de twintigste eeuw* (Utrecht, Het Spectrum, 1981), pp. 98-100.
- 76. R.G. COLLINGWOOD, *The idea of history*, p. 282.
- 77. J. TOSH, *The pursuit of history*, pp. 54-55; M. STANFORD, *The nature of historical knowledge*, pp. 84-85.

probleemidentifisering en –formulering, soek na bronre, bronnekritiek en bronreinterpretasie as aparte stappe onderskei word, maar dit beteken nie dat een stap altyd heeltemal afgehandel word voordat met die volgende een begin word nie. Soos reeds gemeld, kry die formulering van die probleemstelling eers in die loop van die navorsingsproses sy beslag. Die ineengeweefdheid van die verskillende stappe of aspekte van die proses kan dus meebring dat ‘n skrywer sake rakende die probleemstelling en hipoteses op verskeie plekke of eers later in sy werk bespreek, soos byvoorbeeld in die geval van Shafer, maar dit behoort nie daartoe te lei dat die belangrike aspek van probleemformulering heeltemal agterweë bly, soos in baie metodologieboeke gebeur nie.

Ten slotte kan die feit dat die probleemstelling in sommige studies baie voor-die-hand-liggend is dalk ook daartoe lei dat dit as onnodig beskou word om aan hierdie saak aandag te gee. Dit hang saam met die feit dat, soos Nevins aandui, in baie werke, veral as die verhaalvorm gebruik word, die probleme soms onder die oppervlakte bly. Daar bestaan byvoorbeeld ‘n redelike mate van konsensus onder historici oor wat in ‘n wetenskaplike biografie behandel moet word en wat nie. Dit beteken egter nie dat daar in ‘n biografiese werk geen probleemstelling kan of moet voorkom nie. As iemand byvoorbeeld ‘n biografie wil skryf van ‘n universiteitsrektor sal die vernaamste vraag wat hy in sy werk moet beantwoord waarskynlik wees watter invloed hierdie persoon op die ontwikkeling van die besondere universiteit gehad het. As daar reeds een of meer biografieë oor die persoon verskyn het, sal die skrywer moet aantoon dat hierdie vraag nie volledig of korrek genoeg in die vorige werke beantwoord is nie en dat daar dus nog ‘n historiese probleem bestaan wat opgelos moet word.⁷⁸

Hoewel daar dus verskeie redes bestaan waarom die probleemstelling in baie werke oor die geskiedenismetodologie min of geen aandag kry nie, wil dit voorkom of hierdie redes berus op beskouinge oor die aard van geskiedenis en historiese navorsing wat moeilik anders as wanopvatting bestempel kan word.

5. Slotbeskouing

Soos in afdeling 2 hierbo aangedui, is daar tans ‘n hele aantal historici wat, veral onder die invloed van postmodernistiese beskouinge oor die aard van wetenskapsbeoefening, nie meer so ‘n groot waarde heg aan die volg van vroeër algemeen aanvaarde metodes en tegnieke, soos uiteengesit in metodologiehandboeke nie. Dit word tog deur hierdie historici besef dat ‘n goeie

78. ‘n Resente tendens is om biografieë te skryf van persone wat nie belangrike figure was nie, maar wie se lewe die leefwyse en lotgevalle van ‘n bepaalde samelewning, klas of groep mense weerspieël. ‘n Voorbeeld van ‘n Suid-Afrikaanse biografie van hierdie aard is die werk van C. VAN ONSELEN, *The seed is mine: the life of Cas Maine, a South African sharecropper, 1894-1985* (Philip, Kaapstad, 1996). In so ‘n geval sal die sentrale vraag wat die skrywer probeer beantwoord waarskynlik wees wat die lewensomstandighede van die groep mense was waarvan die onderwerp van die biografie as verteenwoordiger dien.

geskiedskrywer oor bepaalde vaardighede moet beskik wat die sake insluit wat gewoonlik in hierdie werke behandel word.⁷⁹ Jordanova, wat haar met baie van die resente tendense in die geskiedkunde vereenselwig, beklemtoon die belangrikheid van hierdie vaardighede en sonder selfs probleemidentifisering en -formulering as die vernaamste van hierdie vaardighede uit.⁸⁰

Uit die kort bespreking hierbo van publikasies oor die geskiedbeoefening waarin die probleemstelling behandel word, blyk dit dat sommige werke bepaalde aspekte daarvan na vore bring en ander weer ander aspekte beklemtoon. Dit gaan daarby hoofsaaklik om aksentverskille en nie om botsende standpunte nie. Die heldere wyse waarop Droysen reeds in die negentiende eeu die plek en belangrikheid van die historiese vraagstelling uiteengesit het, kan as rigtinggewend ook vir vandag beskou word.

In verskeie van die behandelde metodologiese werke word aangedui dat ‘n volledige formulering van die navorsingsprobleem slegs moontlik is nadat ‘n deel van die navorsing reeds gedoen is. Die navorsing oor ‘n onderwerp begin met vae vrae, wat eers later op ‘n duidelik geïdentifiseerde en nog later op ‘n duidelik geformuleerde probleem uitloop. In dié sin is die probleemstelling dus nie die werklike beginpunt van die navorsing nie. Dit is altyd nodig om eers leeswerk te doen en te besin voordat definitief besluit word om ‘n stuk navorsing te doen. Dikwels word na hierdie eerste leeswerk besluit om juis nie ‘n bepaalde navorsingsonderwerp aan te pak nie. Die probleemstelling kan dus beskou word as die begin van die gestruktureerde navorsingsproses en dit is noodsaaklik dat die probleem goed geïdentifiseer en geformuleer is voordat in alle erns met die navorsing begin word. Anders lei dit daartoe dat die werk nie doeltreffend gedoen word nie en kan dit selfs uitloop op ‘n onbruikbare resultaat. Hierdie probleemformulering, wat in die geval van proefskrifte en verhandelinge, of ander projekte waarvoor fondse aangevra word, gewoonlik in ‘n navorsingsvoorstel uiteengesit word, is egter nie noodwendig finaal nie. Daar is nog steeds ruimte vir beperkte wysigings en herformulerings en die finale uiteensetting van die probleem of probleme word gewoonlik eers in die voltooide proefskrif, verslag, boek of artikel gedoen.

In die vorige afdeling is aangetoon dat daar vandag dikwels nie meer ‘n skerp onderskeid tussen ‘n probleemstelling en ‘n vooropgesette teorie gemaak word nie en dat ‘n probleemstelling gesien kan word as deel van ‘n teoretiese raamwerk waarbinne die studie onderneem word. Ook indien daar uitgegaan word van die beskouing dat so ‘n onderskeid wel gemaak kan word, en dat ‘n historikus se vooronderstellinge en beskouinge nie impliseer dat hy ‘n bepaalde teorie of selfs ideologie as grondslag vir sy studie neem nie, bly die probleemstelling tog ‘n noodsaaklike vereiste in historiese navorsingswerk, soos

79. Vgl. J. W. N. TEMPELHOFF, “‘Retro’ of hermeneutiek? Die historiese metode in ‘n nuwe wetenskapsbedeling” in *Historia*, 44(1), Mei 1999, veral p. 47.

80. L. JORDANOVA, *History in practice*, pp. 173-174.

Probleemstelling

blyk uit die verduidelikings deur verskeie hoog aangeskrewe historici wat in die vorige afdelings aangehaal is.

Abstract

Stating the problem: an essential point of departure in historical research?

It is a general practice in academic institutions that a researcher, when undertaking a research project, clearly identifies and formulates the problem or problems which he or she wants to investigate. Among historians, however, the necessity and importance of a problem statement for doing historical research is not generally accepted. In the article both early and recent books on historical research methods are examined. It appears that many authors of handbooks on historical methodology pay little or no attention to the role of the problem statement, but that there are also a number of writers who emphasize its importance. Although the authors in the latter category all illuminate different aspects of problem statements, their viewpoints supplement rather than contradict each other. The article discusses various reasons for the negative attitude of some historians to problem statements. It is concluded that these reasons result from misconceptions about the nature of history and of historical research.